MP697
M43/505 08/04/87

N U U S B R I E F - M A A R T 8 7

ALGEMEEN:
MET S.A. AGULHAS-KOORS IN DIE LUG, WORD MAART GEKENMERK DEUR DIE BASIS DEEGLIK BINNE SOWEL AS BUITE TE VERSORG. ANDRIES EN ARCHIE HET MET WATERSTEWEL EN YSPIK DIE VRIESKAMERS GETAKEL, EN ANDRIES WAS SKYNBAAR SONDER ENIGE PROBLEME NA N TANDBOOR KAN OORSKAKEL, HET BYKANS ALMAL SE GLIMLAGTE MET DIE OOG OP DIE VELE HERONT-MOETINGS WAT IN DIE VOORUITSIGTE GESTEL WORD VERBETER. DIE BIOLO E VERAL SKARREL ROND GEDAGTIG AAN DIE SOWAT 14 WETENSKAPLIKES WAT OP DIE BESKIKBARE NAVORSINGS-FASIIIIIIIIIIIIIILITEITE GAAN NEERSAK. S TEVEN CHOWN
HET REEDS BEGIN AANSTALTES MAAK OM NA N MINDER GESKIKTE LABERTORIUM TE TREK, INSEKTE EN AL, MET IAN EN MARTHAN WAT SELFS HUL SLAAPKAMERS GAAN ONTRUIM OM IN DIE SOOGDIERLABORATORIUM NESTESKOP. ONS MEISIES, MARIETA EN MARIEAAN, SOWEL AS STEVE HUNTER EN NEIL, SAL MAAR DIE GETALLE-SKOK IN HUL ONDERSKEIE WERKSPLEKKE MOET ABSORBEER. SELFS DIE GEWOONLIK RUSTIGE WEERKUNDEKANTOOR HET IN TOP VERSNELLING ONDER ANDRIAAN SE TOESIG BEWEEG, TEN SPYTE WAARVAN ROBERT NOG N STAPTOG OM DIE EILAND KON INPAS. DIE NEEM VAN DIE MARION 43 SPANFOTOT (31 SIELE BYMEKAAR EN DIE GETALRYKSTE OOIT), DIE HAASTIGE VERSKYNING VAN DIE SPANLEDE SE IDENTITEITSPLANKIES (OP DIE ONTSPANNINGSLOKAAL SE MUUR) SOOS DEUR MARK VOORGESTEL, JOHN EN ANDRE VAN DER MERWE SE VERSIENING VAN DIE HYSKRAAN, SOWEL AS DIE KATJAGSPAN SE EINDPOGING OM DIE 400-MERK TE HAAL, GETUIG DAARVAN DAT N DRASTIESE VERANDERING IN DIE LUG IS. AANGESIEN TWEE PROFESSIONELE KOKKE GEDURENDE OORNAME DIE KOMBUIS GAAN BEHARTIG, EN DIE ONVERMYDELIKE TOEGANG VERBODE SAL GELD, HET CHARLIE PUIK KNOFFELBILTONG VOORBERIE VIR DIE MIDDERNAGPEUSEL CLUB.

PERSOONLIK:
MARIETA ONTVANG HAAR MEESTERSGRAAD IN PLANTKUNDE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN BLOEMFONTEIN EN ONS IS ALMAL TROTS OP HAAR. WELGEDAAN MARIETA. DAVE GENIET SY 26STE VERJAARDAG TE KILDALKEY WAAR HY EN GEHARD SAAMJAG.

KUNS:
TOEVOEGINGS TOT DIE REEDS BESTANDE MUURSKILDERYE - GROOTLIK TEKENINGE VAN WALVISSE IS IN DIE HUTTE GEMAAK, VERAL TEKENINGE WAT DEUR WARREN IN DIE HUMOR AFDELING.

RADIO EN T.V.:
MET GEEN VARS MATERIAAL BESKIKBAAR KRY SELFS ARCHIE SE TUISVIDEO S AFTREK, HERVERTONINGS IS DIE NORM, EN TWEE TOE EK SKUIFIE-VERTONINGS OOR DIE FARNE-EILANDE (NEIL) EN HEARDEILAND (MARTHAN) HET OOK N KANS. RADIO FURBURGHER IS NOG GETROU OP DIE LUG SAANS TUSSEN 24H00 EN 00H30 EN GERIG OP DIE VELDSPANNE VIR WIE DIE EINDE VAN N HARDE SOMER IN SIG IS.

FOTOGRAFIE EN TOETE:
MET DIE BESEF DAT TYD VIR FOTOGRAFIE EINDE SE KANT TOE STAAN, WORD DIE NODIGE SCOOPS OF SELFS GEFOTOGRAFEER, OF BY JOU BUURMAN GEKOPIEER. ADRIAAN, ARCHIE EN RORY BEHAAL WELSLAE MET HUL KEURFOTO AFDRUKKE, TERWYL HENK SE FOTOGRAFIESE SAFARIE NA MIXED PICKLE GEFNUIK WORD DEUR DIE AFWESIGHEID VAN N JAGLAMP TE SWARTKOPPUNT. MARIAAN EN MARIETA BESOEK KILDALKEY OM DIE PIKKEWYNE TE BESIGTIG, EN JOHNNY SPANDEER SY VRYE TYD TUSSEN TWEE JAGSESSIES TE ROOKESBAAI EN OMGEWING. ARCHIE HAAL TRYPOT OP N MOOI DAG.

SPORT EN ONTSPANNING:
MET SAMPIE, ANDRE CRONJE, ANDRIES EN HENNIE AAN DIE SPITS WORD KRIEKET OP DIE HELIKOPTER PLATFORM GESPEEL OP DIE MOOI DAE WANNEER DIE MANNE TUIS IS. DIE GYMNASIUM KRY OOK MEER AFTREK WAAR LETTERLIK LITERS UITGESWEET WORD OP DIE MAAT VAN MUSIEK. STONEY EN WARREN VERKIES STEEDS DIE GERIEF VAN DIE EETKAMER/TV-KAMER IN HUL RUS-PERIODE. MATTHYS (M.C.) PAS WEER EKSTRA JAGEKSPEDIESIES IN OM N TYDELIKE VOODOO SUKSESVOL TE BREEK, MET KRAPPIE EN GERHARD WAT DIE SNOEKERBALLE LAAT ROL. N GERUG IS IN DIE OMLOOP DAT QUINTON GAAN VESOEK DAT DIE KLINGEL VAN WHEN THE GOING GETS TOUGH, THE TOUGH GETS GOING NA OH MY LOVE VAN GEORGE BENSON VERANDER MOET WORD.

NATUURHOEKIE:
DIE GETALRYKSTE VO EL, DIE MARION-WALVISVO EL SE KUIKENS HET HUL NES VERLAAT EN VAN DIE EILAND VERTREK, DIE MACARONIE EN KLIP-SPRINGERPIKKEWYNE IS TERUG OM TE VERVEER, EN TWEE BOSLUISVO ELS HET TYDELIK TE MARION AANGEDOEN. TOE HUL GEEN KLOU OF HUID VAN N BEEN KON GEWAAR IS HUL WEER VORT, MAAR NIE VOORDAT IEMAND HENNIE OORTUIG HET DAT TWEE GROOT CONDOR-TIPE, SUID-AMERIKAANSE SKAAPVRETENDE VO ELS OP DIE STRAND WAS. DIE TELEURSTELLING WAS GROOT MET N OPSOMMING VAN DIE WEER, S E ONS TOTSIENS TOT N VOLGENDE EN LAASTE KEER.

WEERDATA -- MAART 1987

GEM TEMP	7,7 GRADE C
MAX TEMP	14,3 GRADE C
MIN TEMP	0,7 GRADE C
GEM LUGDRUK	1005,4 MB
MAX LUGDRUK	1021,2 MB
MIN LUGDRUK	989,1 MB
TOTAAL RE ENVAL	185,2 MM
HOOGSTE RE ENVAL	25,5 MM
TOTAAL SONSKYN	140,2 URE
GEM VOGTIGHEID	86

AANTAL DAE MET 1MM OF MEER RE EN - 23

NUUSBRIEF: DR MARTHAN BESTER
WEERDATA: ADRIAAN VAN ZYL